

3 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 9:1-10:11
Fokusgedeelte: Deut 10:1

Die genade van die wet 'n tweede keer

God se genade skitter deur die Bybel heen. Genade wat Hy ryk en oorvloedig op sondaars uitstort. Hier kry Moses die opdrag om weer twee kliptafels te kap. Hy het mos van die berg afgekom en gesien hoe Israel die goue kalf vereer. Toe gooi hy uit verontwaardiging die twee klippe met die wet daarop flenters. Maar nou kom die bevel: Kap twee klippe soos die voriges. God gaan, net soos die eerste keer, weer sy wet gee. Hierin lê 'n verhoring van Moses se gebed (vs 26). Hy werp die volk nie weg nie en verdelg hulle nie, maar steek weer sy hande na hulle uit. Dit is sy antwoord op volgehoue gebed (vs 18). Vir ons is dit 'n groot aanmoediging.

Maar meer: Wat sou gebeur het as God die wet nie weer gegee het nie? Hy het die wet na die uittog as rigtingwysers vir die pad gegee, maar Moses het dit stukkend gegooi. Nou was hulle oorgegee aan 'wetloosheid' en gevolglik wetteloosheid. Dit sou lei tot die ewige dood. Maar God sê: Kap weer twee plat klippe. Treffend sê vers 4 dan: "Die Here het in dieselfde skrif as tevore die tien gebooie geskryf."

So gee Hy weer rigsgnoere vir die pad en gee Hy hulle nie aan wetteloosheid oor nie. Dit is 'n geweldige daad van genade: Ek wil weer julle God wees en julle op jul pad rig en lei. Die wet van die Here bepaal my lewenswandel. Psalm 119 sê: "U gebooie maak my wyser as my vyande. Ek het my voet teruggehou van elke verkeerde pad." O, wat sou ons gewees het as Hy nie weer sy wet gegee het nie? Romeine 2:12 "Almal wat sonder die wet gesondig het, sal sonder die wet verlore gaan." Deur die wet weer te gee, gee God ook bevryding van die wet. Daarvoor het Jesus gekom (Rom 5:20, 6:6).

Sing: Psalm 119:39

Ds LD Aucamp (Cullinan)